

TYDKAPSULE EN DIREKTE UITSENDING OP 16 DESEMBER

Pretoria, 2 Desember 2013. Die jaarlikse Geloftediens op 16 Desember by die Voortrekkermonument sal hierdie jaar vir die eerste keer in die geskiedenis direk d.m.v 'n lewende uitsending op ons nuwe webblad: www.vtm.org.za uitgesaai word. Na die diens sal personeel van die Monument boodskappe bymekaarmaak om eers in 2038 weer oopgemaak te word. Die boodskappe sal in 'n tydskapsule by die Monument bewaar word. Skole, verwante organisasies, besighede en Jan Publiek is welkom om hulle boodskappe na die diens te skryf by die tent voor die vrou- en kinderbeeld.

Lede van die Centurion-ATKV tak sal direk na die diens 'n ossewa voor die trappe op die groot parkeerarea aanmeekaarsit. Die diens sal vroegoggend begin en teen 10:00 afsluit, waarna die Monument om 11:00 oopgestel sal word vir gewone dagbesoekers wat nie die diens bygewoon het nie. Die diens en die sonverligting van die Senotaaf sal ook op groot skerms in die Haldesaal en die Senotaafsaal geprojekteer word. Gaste moet asseblief daarop let dat die kwaliteit van die klankprojeksie beter in die Senotaafsaal is. Hulle word vriendelik aangemoedig om eerder in die Senotaafsaal te sit.

Persone wat die Geloftediens bywoon, betaal nie toegangsgeld nie, maar 'n kollekte sal wel voor die aanvang van die diens opgeneem word om te help om die uitgawes van die verrigtinge te dek.

Die program is kortliks soos volg:

- 07:00 VTM se hoofhekke maak oop
- 07:30 Assegaaiehekke en Monument se deure maak oop en gaste neem plekke in
- 08:15 Samesang: Sangleier dr. Lukas de Kock; orrelbegeleiding mev Tersia Knobel
- 08:15 Opneem van kollekte
- 09:00 Voorlees van Geloofte
- 09:05 Geloftediens gelei deur ds. Wouter van Wyk
- 10:00 Afsluiting – wegpak van stoele
- 10:15 Bou van die ATKV-wa voor die trappe van die Monument
- 11:00 VTM-hoofhekke open vir algemene publiek (normale toegang betaalbaar)
- 12:00 Waarneem van die son op die Senotaaf

Gaste word vriendelik versoek om vroeg te kom, sodat hulle reeds van 07:30 af hulle sitplekke in die Monument kan begin inneem. Die Monument se deure sal toegemaak word sodra al die plekke ingeneem is, waarna gaste onder die tentafdakke buite die Monument geakkommodeer sal word. Persone wat verkies om buite te sit, is welkom om hulle eie opvoustoele saam te bring. Klank sal aangebring word, sodat almal na die diens kan luister.

Rolstoele en helpers is op aanvraag op die hoofparkeergebied van die Monument beskikbaar om bewegingsgestremde persone met die spesiale rolstoelpad na die Monument te help vervoer. Die diens word deur die Direksie van die Voortrekkermonument gereël met ondersteuning van Die Voortrekkers.

Navrae i.v.m. die dag se aktiwiteite kan gerig word aan Annatjie by 012 326 6770 of ontvangs@vtm.org.za. Die Besturende Direkteur van die Monument, me Sonja Lombard, sal van 11:00 af by die Vrou- en Kinderbeeld vir onderhoude beskikbaar wees, of alternatiewelik voor die diens by die hoofingang van die Monument.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@vtm.org.za